e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

28 Julie 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 24

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Kerk en Fakulteit

Sedert die Fakulteit Teologie in 1917 sy deure aan die Universiteit van Pretoria geopen het, is honderde studente opgelei om as predikante in die Hervormde Kerk, NG Kerk, Presbiteriaanse Kerk en vele ander kerke diens te doen.

Lidmate van hierdie kerke kon oor baie dekades (en kan steeds) Sondag na Sondag met vreugde luister hoe goed opgeleide predikante die Woord uitlê en die evangelie van Jesus Christus verkondig.

Teologiese studente word nie net akademies gevorm nie. Die Fakulteit speel ook 'n groot rol in die algemene vorming van studente. Studente groei nie net in hul kennis van die teologie nie, maar ook in hul menswees. Teologiese vorming konfronteer studente met nadenke oor God, met verskillende maniere hoe die Woord verstaan word, met diverse opvattings oor geloof en met hul eie menswees. Daar word van studente verwag om hul voorveronderstellings, konteks en geloofstradisie krities te beoordeel. Hierdie blootstelling aan kritiese denke is nie in stryd met die leer van die Kerk nie, maar is bedoel om studente voor te berei en in staat te stel om in 'n veranderende konteks die evangelie sinvol en verstaanbaar te verkondig.

Blootstelling aan kritiese denke lei tot selfkritiek. Dit bring vir die meeste studente 'n stuk onsekerheid. Somtyds is die uiteenlopende stemme oorweldigend en kan 'n mens die verskillende stemme verkeerd verstaan. Tog is dit nie iets wat negatief inwerk nie: Om as mens te groei, om as teoloog en as predikant te groei, is dit van uiterse belang om elke dag deel van die teologiese gesprek te wees. Indien teologiese studente nie uitgedaag word nie, bestaan die gevaar dat hulle stagneer en onder die valse indruk kom dat hulle reeds gearriveer het. Sonder hierdie blootstelling aan 'n universiteit, is dit moeilik om Dienaar van die Woord te wees soos lidmate van die Hervormde Kerk daaraan gewoond is en van predikante verwag.

Daar gaan tans stemme in die Hervormde Kerk op wat beweer dat die opleiding wat studente aan die Fakulteit Teologie ontvang te krities en selfs skadelik vir die Kerk is. Daar is selfs dié wat beweer dat dwaalleer aan die studente geleer word en dat studente vreemd raak aan die identiteit en die tradisie van die Hervormde Kerk. Op grond van hierdie bewerings word gepleit vir die verskuiwing van die teologiese opleiding na 'n Seminarium, los van die Universiteit.

Juis dít sal strydig wees met die tradisie en die identiteit van die Hervormde Kerk. Hervormers het nog nooit geskroom om aan kritiese gesprekke deel te neem nie. Die hart van Hervormd wees, is juis die vermoë om altyd weer krities met jou eie en ander se standpunte om te gaan, om dit weer en weer aan die Skrif te toets.

Die bewerings dat dwaalleer aan die Fakulteit geduld word, maak elke jong predikant wat pas afgestudeer het en in 'n eerste gemeente georden is, verdag. Dit plaas ook die werk van die Proponentseksamenkommissie, die Kuratorium en plaaslike kerkrade onder verdenking, want dit is immers hierdie instansies wat deur die Algemene Kerkvergadering (AKV), gemeentevergaderings en Algemene Kommissie benoem is om opsig uit te oefen oor dosente, studente, proponente en predikante.

Die enigste toets vir die opleiding wat predikante ontvang, is die werk wat predikante in gemeentes doen en die wyse waarop hulle die evangelie verkondig. Dit is hartverblydend dat kerkrade en ouderlinge van die Kerk getuig van die groot vrug waarmee Hervormde predikante in die Kerk dien.

Dr Wim Dreyer

(Lees ook die berig in hierdie uitgawe oor 'n verklaring wat die dosente van die Kerk uitgereik het.)

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds Hennie Pretorius** van Dora Theo Kimberley na Bothaville (deelsorg)

Beroep aanvaar

- **Ds Hennie Pretorius** van Dora Theo Kimberley na Bothaville (deelsorg)

Beroep bedank

- **Dr Robert Jones** van Kriel na Standerton

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Emerituspredikant **ds Kobus Müller** het 'n operasie ondergaan om drie nekwerwels te herstel. Hy sterk tuis aan en dit gaan onder omstandighede goed met hom. Ons bid hom algehele beterskap toe.

- **Ds Kobus Pienaar** (49) van Gemeente Kruin is gediagnoseer met limfklierkanker. Sy chemoterapie het op 22 Julie begin. Die Kerk se voorbidding word vir ds Pienaar gevra in hierdie moeilike tyd.

- **Ds Jan van Immerzeel** was op Maandag 18 Julie tydens siekebesoek in 'n frats-motorongeluk betrokke. Hy het kop- en nekbeserings opgedoen. Op Sondag 24 Julie het hy sy emeritaatspreek gelewer in Gemeente Silverton. Ons bid hom 'n spoedige herstel toe en vertrou dat hy en sy vrou, Rika, hul welverdiende rus sal geniet.

- Die 50-jaar-ampsjubileum van **prof Schalk Botha** vind op Sondag 31 Julie om 09:00 in die kerkgebou van **Gemeente Grootvlei** plaas, te Hoewe 242, Waterval. Kontak die gemeentelike kerkkantoor by **elizenhk@absamail.co.za** of 082 838 6303.

- **Prop Pieter Bester** word op Sondag 31 Julie deur **Gemeente Glencoe** ontvang. Ds Etienne Fourie sal namens die Kommissie van die AKV die ordeningsakte oorhandig.

- **Die volgende predikante verjaar tot 5 Augustus**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 28 Julie: Prof Gert Pelser (emeritus)
  - Vrydag 29 Julie: Ds André Thomas (Oos-Moot)
  - Saterdag 30 Julie: Prop Pieter Bester, di Sarel Oosthuizen (Stilfontein-Wes) en Danie van der Watt (Montana)
  - Sondag 31 Julie: Ds Antoinette van Zyl (Vrede) en dr Jan Vorster (Olifantsfontein)
  - Woensdag 3 Augustus: Ds David du Plessis (Wonderboom-Suid)
  - Donderdag 4 Augustus: Di Jan Claassen (Strand), Frans Oosthuizen (Pietersburg) en Stephan van Tonder (Gobabis)

- **Ds Oppies Opperman** skryf uit Afganistan: *Dit gaan nog goed met my hier en met my gesin by die huis. Ons het nou midsomer hier terwyl julle vries in die koue winter van die Hoëveld. Ons temperature is diep in die 40's daagliks, soms in die 50's. Ek het middel Junie verander van werk. Ek is nou uit die sekuriteitsbedryf uit en werk nou vir 'n Amerikaanse maatskappy wat die elektrisiteitsvoorsieningstelsel in die suide van Afganistan opgradeer. Ek is die kampbestuurder by een van twee hidro-elektriese opwekkingsfasiliteite. Ons is steeds 'n handjievol mense hier, tans net vyf buitelanders, maar ons sal teen die einde van die maand tussen sewe en tien wees, waarvan twee nie Suid-Afrikaners is nie. Ek hoop dat ons hier ook 'n klein gemeentetjie/kerkie kan word. Die grootste uitdaging is ons logistieke ondersteuning. Alles moet ingevlieg word, dis asof ons op 'n verlate eiland is. Hier is geen telefoonontvangs nie, dus is ons totaal afhanklik van die internet vir alle kommunikasie. Ek is maar hartseer oor die huidige ongelukkigheid en tweespalt in die Kerk. Ek het as predikant 'n skeuring in 'n gemeente beleef, asook een in 'n buurgemeente van ons susterkerke. Ek bid dat ons broers en susters met baie genade en wysheid van Bo hierdie saak sal kan hanteer.*

- Die **deurkollektes van 31 Julie en 7 Augustus** word vir die **Teologiese Opleidingsfonds** afgestaan. (Lees ook die berig op die agterblad oor die Fonds.)

- **Die dosente van die Kerk aan die Universiteit van Pretoria het die afgelope week die volgende verklaring uitgereik:** Die Hervormde predikante betrokke by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria word vir ’n geruime tyd reeds deur ’n bepaalde groepering in die Kerk verdag voorgestel. Hierdie verdagmakery het sedert die afgelope AKV ongelukkig ook in intensiteit toegeneem. Dit kulmineer in die feit dat daar gepoog word om die Kerk te oortuig dat die dosente nie meer die Kerk se belydenis onderskryf nie. Die integriteit van enige bedienaar van die Woord word deur hierdie lasterlike aantygings wesenlik aangetas. Ten einde die kweek van agterdog te voorkom dat die dosente nie meer saam met en soos die Kerk bely nie, stel die dosente van die NHK aan UP die volgende duidelik en ondubbelsinnig:

  Ons, die ondergetekende dosente, bevestig met ons handtekeninge dat ons steeds, soos in die verlede, die leer van die Kerk soos uitgedruk in die drie *Ekumeniese Geloofsbelydenisse* en die *Drie Formuliere van Eenheid* van harte onderskryf.

  Geteken te Pretoria op 18 Julie 2011 deur dr J Beyers, prof TFJ Dreyer, prof PM Venter, prof E van Eck, prof Y Dreyer, dr WA Dreyer en prof J Buitendag. Die volgende Hervormde predikante betrokke by die Fakulteit voeg ook graag hul handtekeninge toe: Prof AG van Aarde en ds T van Wyk.

  (Die volledige verklaring met die handtekeninge sal op die Kerk se webblad beskikbaar wees by **www.nhk.co.za** → Nuus en gebeure → Kortnuus)

- **46ste Nasionale NHSV Kongres.** Die sluitingsdatum vir Geloofsbriewe vir die Nasionale Kongres is 31 Julie. Vir meer inligting, skakel gerus die NHSV kantoor by 012 325 0117.

- **Aksiegroep vir bejaardes (AGB).** Studies toon dat indien jy 60 jaar oud was in die 1980’s, jy ’n 50% kans gehad het om 80 jaar oud te word en ’n 16% kans om 90 te word. As jy vandag egter 60 jaar oud is, het jy ’n 67% kans om 80 te word en ’n 36% kans om 90 te word! Vir ’n getroude paar wat vandag albei 60 jaar oud is, is die kans 80% dat een van hulle 90 jaar oud sal word! **Bejaardesorg** gaan dus ’n groter en belangriker rol in Christene en gemeentes se lewens begin speel. Ons sal nuut moet dink oor die versorging van ons bejaardes. ’n Studie in ons Kerk het getoon dat daar veral 3 probleemareas vir bejaardes in ons Kerk is: finansies, vervoer en fisieke probleme. In die volgende 3 uitgawes van die *e-Hervormer* sal ons na hierdie areas kyk. Die AGB is gestig om te werk aan hulpmiddels en riglyne vir individue en gemeentes in die versorging van bejaardes. Ons wil kennis uitruil en antwoorde op uitdagings vind. **Kan jy help?** Kontak ons asseblief met inligting, hulpmiddels of vrae. Die voorsitter van die komitee, **dr Hennie van Deventer**, is bereid om by gemeentes en ringe te kom help. Kontak hom gerus by 082 786 8448 of **htvd@worldonline.co.za** om eredienste te lei en gemeentes of ringe toe te spreek en bewus te maak van die enorme uitdaging wat bejaardesorg in die toekoms aan ons gaan stel.

- **Hoof: Hervormde Teologiese Kollege.** Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wag aansoeke in vir die pos van Hoof van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) wat gesetel is by die Universiteit van Pretoria.

  Die geskikte kandidaat sal aan die volgende vereistes voldoen:
  - ’n Senior, geordende predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - ’n Gepromoveerde in die Teologie, verkieslik in die Praktiese Teologie, omdat ’n groot deel van die praktykvorming op die terrein van die Praktiese Teologie lê.
  - Iemand met gesonde en gebalanseerde interpersoonlike verhoudings wat by die studente vertroue inboesem en wat met ander kollegas in ’n veelkerklike Fakulteit goeie verhoudings kan bou.
  - Iemand wat deur selfstudie en navorsing op die hoogte is en kan deelneem aan die huidige teologiese diskoers.
  - Die kandidaat sal ook lesings moet aanbied vir studente, asook ander kursusse soos en wanneer nodig.
  - Rekenaarvaardig, veral in MS Office.

  Die pos bied die volgende voordele:
  - Mededingende salaris met die Kerk se traktementskale as riglyn.
  - Ruim verlof.
  - Maatskappymotor of motortoelaag.

  Indien u meen dat u die geskikte kandidaat vir die pos is, kan u ’n verkorte CV **voor of op 19 Augustus 2011** stuur aan Piet Beukes by e-pos **piet@nhk.co.za** of faks 086 630 5150.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en ’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- ’n Ruim **enkelwoonstel** is onmiddellik beskikbaar binne stapafstand van die Universiteit van Pretoria. Die woonstel is geleë op die kerkterrein van **Gemeente Philadelphia** en word verhuur teen R3 500 per maand (water en ligte ingesluit).

Daar is veilige parkering vir ’n motor. Skakel Esmé Bolton by die gemeentelike kerkkantoor (012 362 7237) of dr Sanrie de Beer (083 226 1866) vir meer inligting.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **blyplek in Eloffsdal**, Pretoria: Huis Eloff (alle ouderdomme). Ruim nuut uitgeverfde kamers met gesamentlike badkamer in gang teen R1 500 per maand vir enkeling. Ingesluit: water en ligte, parkering, gesamentlike kombuis. Naby Mayville Mall en Eugene Marais-hospitaal. Kontak Johan Erickson (jr) by 082 212 2137.

Toere

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konserte tot einde Augustus 2011

- **Dinsdag 9 Augustus: NHSV Hartbeesfontein: Vrouedag**
  11:00 vir 11:30
  NG Kerk se gemeenskapsaal
  R50 per persoon
  Geskenkpakkie, heerlike musiek, modeparade, eetgoed
  Tong in die kies, praatjie van vrou tot vrou deur Freda de Klerk
  Sit jou hoed op (as jy wil) en kom geniet dit!
  Kontak Dorette Harmzen by 084 506 0511
  Kaartjies beskikbaar by Carina Fourie 082 564 1424

- **Saterdag 13 Augustus: NHSV Bothaville: Damestee**
  09:30 vir 10:00
  Kerksaal
  Spreker Yvonne O’Neill, sanger Louis-John
  Navrae Doutie 056 515 2673

- **Sondag 14 Augustus 18:00: Gemeentes Primrose en Primrose-Oos**
  Liefde wat heel
  Christelike toneelstuk deur Delta C – **www.deltac.co.za**
  Ten bate van Graad 1-Bybelprojek
  Elke jaar word ’n Bybel aan elke nuwe graad 1-leerling
  in die skole in Primrose geskenk
  Volwassenes R50, kinders R30 (sluit ribburger in)
  Kontak Chris de Wet by 082 699 2295

- **Saterdag 20 Augustus: NHSV Leeudoringstad: Oggendtee**
  09:00
  Kerksaal
  R150 per persoon
  Kom verdwaal in Hansie en Grietjie se bos en luister na Mathys Roets
  Kontak Elsa by 082 971 4092 of **elsajvr@suidwes.co.za**

Sportbyeenkomste tot einde Augustus 2011

- **Saterdag 13 Augustus: Gemeente Sionspoort: Randfontein EPR Fietswedren**
  120 of 58 km (pad) en 60 of 30 km (bergfiets)
  Wegspring by Tarlton Renbaan
  Besoek **www.sionspoort.org** of **www.cyclelab.com** om in te skryf
  Skakel Johan van Staden by 082 464 1547

Ander kompetisies en fondsinsamelings tot einde Augustus 2011

- **Gemeente Roedtan: Roedtan Buffeljagkompetisie**
  1ste prys: 4 dae jag op luukse jagplaas vir 10 persone

1 buffelkoei, 1 blouwildebees, 1 koedoe, 1 blesbok, 2 rooibokramme,
1 rooibokooi (boogjagters welkom)
2de prys: Voëljag met akkommodasie vir 10 persone op luukse jagplaas vir ’n naweek
Kaartjie R60, **trekking 31 Julie**
Kontak ds Thys Redlinghuys, 082 416 7724, faks 086 518 9110,
of **jagkompetisie@gmail.com**
Bankbesonderhede: Absa Spaar Takkode 632005,
rekening nommer 924 227 4630

- **Gemeente Erasmia: Pretloop vir Bybels: Saterdag 13 Augustus**
  Ten bate van die Bybelgenootskap
  By die Voortrekkermonument in Pretoria
  Registrasie 07:00 tot 08:00
  Afstande 3 km, 5 km en 10 km
  Medaljes vir almal
  Koste R35
  Kontak Isme by 082 692 2870 of 012 370 3513

- **Gemeente Koster: Mosambiekse Vakansiekompetisie**
  1ste prys: ’n Vakansie van 1 week by Tofo in Mosambiek – vervoer, alle etes en diepseehengel vir 4 persone ingesluit
  2de prys: 1 week selfreis en selfsorg by Witsand in die Kaap
  Kaartjie R50 (koop 10 en kry 1 gratis)
  Sluitingsdatum 31 Augustus
  Kontak Koos Vorster by 082 403 2518

Basaars en markte tot September 2011

- **Vrydag 29 tot Sondag 31 Julie: Gemeente Buffelspoort: Buffelfees**
  By ATKV Buffelspoort, net buite Mooinooi
  Hoofkunstenaars Nianell en Elvis Blue
  Ook met Wicus van der Merwe en Vicus Cruywagen en baie ander
  Heerlike kos, kamele om te ry, leeuwelpies om mee afgeneem te word
  Bergwedloop, skaaktoernooi en hope pret
  Navrae aan ds Neels van Tonder by 072 633 3367

- **Vrydag 29 en Saterdag 30 Julie: Gemeente Coligny: Wielefees**
  Hoërskool Coligny se sportgronde met uitstallings en baie eetgoed
  Vrydagaand dans in die skoolsaal – R50 per persoon, **braaivleisete ingesluit**
  Saterdag stalletjies, skyfskiet, minikrieket, ens
  Wiele – uitstalling van veteraanmotors, 4x4-baan, vierwielmotorfietsbaan
  Wen geslypte diamant of troospryse van kontant teen R40 per kaartjie
  Skakel Kobie by 083 651 2014 of Oelof by 084 206 9523

- **Saterdag 30 Julie: Ring van Middelburg**
  Groot 5-basaar van Klein 5-gemeentes in ring
  Vanaf 09:00
  By Gemeente Middelburg
  Vleis en wildsvleis, alles wat lekker is by ’n basaar
  Vermaak vir almal
  Kontak Elsa van Dyk by 013 243 3949 of **nhkmid@gmail.com**

- **THABAZIMBI APIESDORING KARNAVAL**
  Saterdag 6 Augustus 8 vm – 4 nm Gemeente Vliegepoort
  Maak ’n jakkals se roep na – R10 000 kontant vir wenners!
  Raai ’n elandkarkas se gewig en wen hom opgesny, gebiltong en verpak
  Boomklimkompetisie
  Visvang-om-die-sementdam-kompetisie
  Rooibokbiltong R75 per kg, honderde kilogramme beesbiltong
  Pap-en-kaiings
  DJ Ossewa en Basjan die Weskusklong
  Veiling waar kinders 2 tot 17 alleen mag bie

Nat beskuit, roosterkoeke, potbrood, afval en stampmielies
Kom ervaar Thaba-bosveld se gasvryheid...
www.apiesdoring.org
Navrae Hennie van der Linde (083 507 0335) of Izak Joubert (083 488 6357)

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Ottosdal: Oesfees**
  Outydse basaar met pannekoek, poeding, ens
  Vir fietsryers: afstande van 5, 10 en 30 km teerpad
  Vir kleinspan: skopfietswedren
  Karolus en Lente vermaak oud en jonk
  Toegang gratis
  Neem deel aan Oesfeeskompetisie teen R20 –
  kontak Adri Botha by 082 403 5051 of **arbotha.adri@gmail.com**
  Week vakansie vir 6, Wii (rekenaarspeletjie) en slagskaap te wen

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit: Geskenkemark**
  Bespreek **nou reeds** stalletjie vir die dag
  Koste per stalletjie R150 (R180 indien 'n kragpunt benodig word)
  Kontak Alta Bester by 082 936 5289

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Mafeking: Basaar**
  Tema *Kamma-kamma-fees*
  Kerkterrein in Nelson Mandelaweg
  Lichvaal Stereo se buite-uitsendingeenheid saai uit vanaf basaar
  en sorg vir musiek en vermaak
  R50 per inskrywing vir groot pryse soos R10 000 kontant
  Navrae aan Adriaan Redelinghuys by **adriaanred@yahoo.com**
  of 082 789 1523

- **KOSTER-KARNAVAL**
  Saterdag 3 September: Gemeente Koster
  Skool se sportgronde
  Uitstallings, baie eetgoed, verskeie sportsoorte
  Bespreek nou reeds stalletjie vir die dag
  Koste per stalletjie R300
  Wiele – uitstalling van GWM
  Veiling van Persiese Matte en Boplaas-wyne
  Skakel Harry Smit by 082 807 9208

ANDER NUUS

- **ADMINISTRATEUR.** Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wag aansoeke in vir die pos van Administrateur vir diensaanvaarding met ingang van 1 Januarie 2012.

  Die geskikte kandidaat sal ten minste aan die volgende vereistes voldoen:
  - Bekend wees met die etos van die Kerk.
  - Beskik oor 'n bewese bestuursrekord.
  - Beskik oor gesonde en gebalanseerde interpersoonlike verhoudings.
  - Beskik oor 'n akademiese kwalifikasie op hoë vlak in bestuur, administrasie en finansies, of 'n gelykwaardige kwalifikasie.
  - Verdere akademiese kwalifikasies kan 'n aanbeveling wees.
  - Rekenaarvaardig wees, veral in MS Office.

  Die pos behels die bestuur van die Sinodale Kantoor van die Kerk en skakeling met die gemeentes en ringe van die Kerk sowel as met eksterne persone en liggame, byvoorbeeld die Bybelgenootskap en universiteite. Daarby dien die Administrateur in verskeie van die rade van die diensorgane van die Kerk, en dit vereis dat die kandidaat ook soms uitstedig sal wees.

  Die pos bied die volgende voordele:
  - Mededingende salaris.
  - Ruim verlof.
  - Maatskappymotor of motortoelaag.

Indien u meen dat u die geskikte kandidaat vir die pos is, kan u 'n verkorte CV **voor of op 19 Augustus 2011** stuur aan Piet Beukes by e-pos **piet@nhk.co.za** of faks 086 630 5150.

- **DPS-STELSEL. Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Potchefstroom.** Datum van diensaanvaarding gedurende Desember 2011 maar verkieslik nie later nie as 1 Januarie 2012. **Aansoeke sluit op 16 September 2011.**

  Vereistes: Getroude egpaar; verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud; lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk; goeie gesondheid; aanvoeling vir kinders.
  Vergoeding: Suksesvolle ouers sal benewens 'n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning binne die DPS-huis ontvang.

  Vir meer inligting, kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880, of ds Willem Kok by 018 294 4187 of 083 664 0058.

- **Die Ondersteuningsraad** bied vanjaar weer vir 'n week tydens die September-skoolvakansie hul **kamp vir ongeveer 80 hulpbehoewende kinders** aan. Maatskaplike werkers van die Raad behartig terapeutiese groepsessies, en studente van Gemeente Philadelphia help met rekreasie en sportaktiwiteite. Hulle is ook die liefdevolle hande wat die trane afdroog en help om die *monsters* te verdryf. Fondse word benodig vir die kampterrein, vervoer, drie etes per dag, materiaal vir die rekreasie en sportaktiwiteite, ensovoorts. Die **berekende koste beloop R800 per kind** vir die hele week. **Persone wat graag 'n kind of twee wil borg,** kan met Suzanne van Deventer van die Ondersteuningsraad se Pretoria-kantoor by 012 325 2320 in verbinding tree.

- **Die Ondersteuningsraad** het die afgelope jaar vier motors weens diefstal verloor. Daar word tans dringend gesoek na **goedversorgde tweedehandse voertuie** in die prysklas van ongeveer R50 000. Die kilometerlesing moet verkieslik nie 100 000 oorskry nie. Lidmate wat bewus is van beskikbare voertuie kan Mariaan Steenkamp skakel by 012 322 8885. Weens logistieke redes sal slegs voertuie in die omgewing van Pretoria oorweeg kan word.

- **Die Ondersteuningsraad** beskik oor die volgende **vakatures**:
  - Programbestuurder (x2); mimimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal 'n aanwins wees; **areas** Vanderbijlpark/Heidelberg/Krugersdorp **en** Rustenburg/Potchefstroom/Klerksdorp
  - Maatskaplike Werker; area Tarlton/Krugersdorp
  - Maatskaplike Hulpwerker; area Krugersdorp (onmiddellik beskikbaar)

  Vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **Behuising vir bejaardes:** Daar is 'n eenslaapkamerwoonstel beskikbaar te **Annie Schilz, Parkerstraat, Riviera,** teen R180 500. Die woonstelle is naby 'n winkelsentrum, veilige parkering en busroetes. Etes word nie ingesluit nie, maar kan voorsien word teen 'n minimale fooi. Die Seniorstuis Dienssentrum is op die perseel en lewer weekliks sosiale programme asook kliniekdienste, vervoer, ensovoorts. Hierdie woonstel is vir 'n selfversorgende bejaarde wat nog baie energie het om betrokke te raak by al die aktiwiteite. 24-uur-versorgingsdienste word deur Ons Tuis verskaf op dieselfde perseel. Vir meer inligting, kontak mev Dalene Hornsveld by 012 329 3707.

- **Kongres van die Kerkhistoriese Genootskap**
  van die Nederduitsch Hervormde Kerk
  Datum: 24 Augustus 2011
  Plek: Gemeente Pretoria
  Tema: *Die Kerk en politieke verantwoordelikheid: Perspektiewe uit die tradisie*
  Program
  09:00 Registrasie
  09:30 Opening
  10:00 *Perspektiewe uit die tradisie* (Prof DP Goosen)
  10:30 Bespreking
  10:45 Verversings
  11:00 *Prof AA van Ruler: Van Katedraal na Kasteel* (Dr HJ Botes)
  11:30 Bespreking
  11:45 Ledevergadering
  Navrae: Dr Christo Pretorius (**praetorc@telkomsa.net**, 083 651 9634 of 012 547 0292) of dr Malan Storm (**nhmeyerspark@lantic.net**, 012 803 7528 of 083 308 1030)

- Die **volgende vergaderings** vind tot 5 Augustus plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
  - Maandag 1 Augustus: Moderamen; Raad vir SENTIK
  - Dinsdag 2 Augustus: Direksie van die Ondersteuningsraad
  - Vrydag 5 Augustus: Taakspan

Teologiese Opleidingsfonds 2011

Die jaar het reeds ver gevorder, en daarom is dit nodig om weer die aandag te vestig op die werksaamhede van hierdie Fonds wat in die Kerk goed bekend is en ons aandag verdien.

Die aandag word met entoesiasme gevestig op die feit dat die belegging van die Fonds vanjaar die perk van vyf miljoen rand gaan oorskry. Die dringendheid om die belegging van die Fonds so gou moontlik tot so hoog moontlik op te skuif, setel in die besluit van die 69ste AKV om die Fonds aan te wend vir die uitbreiding van die teologiese opleiding. So dringend as wat die aangeleentheid mag wees, moet ongelukkig ook gestel word dat dit nog voortydig is en dat selfs die verwagte vyf miljoen rand in hierdie stadium nog te min is.

Die aangeleentheid is bekend en spreek vanself. Dit is eenvoudig en kom gewoon daarop neer dat die belang van die Fonds voorrang moet geniet sodat die gestelde mikpunt van ongeveer sewe tot agt miljoen so spoedig moontlik bereik word.

Daarom word op bedienaars van die Woord en skribas ’n vriendelike beroep gedoen om die saak van die Fonds te stel op die twee Sondae wat deur die AKV bepaal is. Die 69ste AKV het goedgekeur dat die **deurkollektes van twee Sondae**, naamlik die laaste Sondag van Julie en die eerste Sondag van Augustus, vir die Fonds afgestaan word. **Die Sondae ter sprake vanjaar is derhalwe 31 Julie en 7 Augustus.**

- Betaal u bydraes direk in die rekening van die Fonds in (ABSA Bosmanstraat 4048632649).
- Dui asseblief u besonderhede aan sodat u bydrae verreken kan word.

By voorbaat hartlike dank vir u goeie en gewaardeerde gesindheid en positiewe bydraes tot die Fonds. Voorspoed en seën word u toegebid in diens van die Woord.

Dr Barry van Wyk, Fondssekretaris
082 828 5711; 014 717 4013; 012 322 7909 (faks); bvw@vodamail.co.za

Daar is ook ’n volledige weergawe (met foto’s) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 393 kilogrepe groot is. Vind dié volledige weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur ’n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx